God se koninkryk: deel 2 – Alles word stukkend

Ons het laasweek geleer hoe God sy koninkryk gemaak het (Genesis 1-2). Hierdie week kyk ons wat Adam en Eva aangevang het in Genenis 3.

Die verskillende dele van die hele storie



Die slang was sowaar skelm. Hy doen drie dinge om dit vir Eva maklik te maak om 'n verkeerde keuse te maak.

- **Hy maak iets wat duidelik is, baie onduidelik (Gen. 3:1 -** *Die slang was slimmer en skelmer as al die wilde diere wat die Here God gemaak het. Die slang het vir die vrou gevra: "Is dit waar? Het God gesê julle mag niks van die bome in die tuin se vrugte eet nie?"*)
- **Hy laat jou wonder of iets regtig waar is (Gen. 3:4 -** *Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal nie sterf nie. Dit is seker.*)
- **Hy sê dat dit onregverdig is (Gen. 3:5-** *God het dit gesê omdat Hy weet dat as julle daarvan eet, dan sal julle alles verstaan. Julle sal soos God word en julle sal weet wat is goed en wat is sleg.*)

Adam en Eva het besluit dat hulle eerder self die koning wil wees, dat hulle eerder self die reëls wil maak. Hulle het nie meer vir God vertrou om dit te doen nie.

Gelukkig eindig die storie nie hier nie. Ons gesels volgende keer verder oor wat toe gebeur. Knip die slang hieronder uit en knip op die dik lyntjie in die prentjie op die volgende bladsy. Kleur die prent in en druk die slang deur die gat in die papier om hom met Eva te laat gesels.




www.daniellesplace.com